**VRYSTAAT HOË HOF, BLOEMFONTEIN**
**REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

Appélnommer : A68/2010

In die appél tussen:-

**MMOHLOMI JOSEPH MOLEHE** Appellant

en

**DIE STAAT** Respondent

---

**CORAM:** VAN ZYL, R *et* CLAASEN, WND R

---

**UITSPRAAK DEUR:** VAN ZYL, R

---

**GELEWER OP:** 31 AUGUSTUS 2011

---

[1] Appellant het tereggestaan op 'n aanklag van verkragting deurdat dit beweer is dat hy op of omtrent 6 September 2003 te Bloemfontein die 13-jarige klaagster verkrag het. Appellant het skuldig gepleit op die ten laste gelegde misdryf en is dienooreenkomstig skuldig bevind. Hy is op 17 November 2009 tot 25 jaar gevangenisstraf gevonnis. Dit is teen laasgenoemde vonnis wat appellant nou met verlof van die Verhoorhof teen hoër beroep kom.

[2] Dit blyk dat appellant die aand van die voorval saam met vriende van hom gestap het na ‘n familielid se huis toe hulle langs die pad die klaagster en van haar vriende teëgekom het. Die klaagster het daarop appellant vergesel na die tersaaklike familielid se huis, waarna sy hom verder vergesel het na ‘n plaaslike taverne om drank te gaan koop. Nadat die drank aangekoop is, het hulle teruggekeer na die huis van die familielid, waar appellant ‘n groot hoeveelheid alkohol verbruik het tot ongeveer 23h00 daardie aand. Appellant en die klaagster sou toe gaan slaap, maar het appellant haar beveel om haar klere uit te trek, het hy bo-op haar geklim en haar seksueel begin penetreer. Sy het hom versoek om van haar af te klim, aangesien hy swaar was en ook teenoor hom aangedui dat hy haar seermaak. Ten spyte van haar versoeke, het hy voortgegaan en geslagsgemeenskap met haar gehad teen haar sin. Daarna het hulle geslaap en die volgende oggend het klaagster teenoor hom aangedui dat wat hy gedoen het verkeerd was, waarna sy die huis verlaat het.

[3] Wat die opgelegde vonnis betref, was daar deur die verdediging ‘n voorvonnisverslag verkry, welke by

ooreenkoms tussen die Staat en die verdediging ingehandig is as Bewysstuk "C". Verdermeer het appellant ook self onder eed ter strafversagting getuig.

[4] Vanweë die feit dat appellant skuldig bevind is aan die verkragting van 'n klaagster onder die ouderdom van 16 jaar, is die voorgeskrewe minimum vonnis in terme van die Strafreg Wysigingswet, Wet 105 van 1997, lewenslange gevangenisstraf. Die Verhoorlanddros het egter (tereg) bevind dat daar wesenlike en dwingende omstandighede bestaan wat die oplegging van 'n mindere vonnis dan die voorgeskrewe minimum regverdig en noodsaak. In die verband en ten spyte daarvan dat die Verhoorlanddros in haar uitspraak na veelvuldige faktore verwys het wat gebruiklikerwys as versagtende faktore in aanmerking geneem behoort te word en ook oorweeg behoort te word as potensieel wesenlike en dwingende omstandighede, blyk dit dat die Verhoorlanddros slegs die ouderdom van die appellant ten tyde van die pleging van die misdryf en die feit dat hy 'n eerste oortreder is, geag het wesenlike en dwingende omstandighede daar te stel wat die oplegging van 'n mindere vonnis regverdig. Sien oorkonde, p. 38, reëls

15 – 18.

[5] Dit blyk duidelik uit appellant se pleitverduideliking, welke deur die Staat aanvaar is, dat hy erg onder die invloed van alkohol verkeer het ten tyde van die pleging van die misdryf. Hierdie feit is ook weer ten tyde van appellant se getuienis ter strafversagting herhaal. Nieteenstaande die geykte beginsel dat wanneer 'n persoon wat 'n misdryf pleeg onder die invloed van alkohol was ten tyde van die pleging daarvan, dit geag word dat sodanige persoon se inhibisies afgestomp is en sy morele blaamwaardigheid derhalwe verminder, het die Verhoorlanddros bevind dat die feit dat appellant sodanig alkohol gebruik het, geen verskoning ("excuse") daarstel nie en dat appellant se gebruik van alkohol geen rol gespeel het in die pleging van die misdryf nie. Sien oorkonde, p. 38, reëls 20 – 21 en p. 39, reëls 23 – 24. Die Verhoorlanddros se houding in hierdie verband, stel na my mening duidelik 'n mistasting daar, soos ook deur mnr. Van der Merwe, namens appellant, betoog. Verdermeer blyk dit dat die Verhoorlanddros die feit dat appellant vir ses jaar as verhoorafwagtende in hegtenis verkeer het, nie as 'n versagtende faktor in sy guns in ag

geneem het nie. Inteendeel, sy het appellant daarvoor verwyt op die basis dat sy van mening was dat appellant self vir die vertraging in die verband verantwoordelik was. Ek stem ook in hierdie verband met mnr. Van der Merwe se betoog saam, synde dat die Verhoorlanddros 'n mistasting begaan het deur dit nie ten gunste van appellant te verreken nie. Mnr Strauss, namens die Staat, het dan ook, heeltemal tereg, reeds in sy betoogshoofde hierdie toegewing gemaak, welke toegewing hy ten tyde van sy mondelinge betoog herhaal het. Selfs ook die feit dat appellant skuldig gepleit het, is op 'n, met respek, onverstaanbare wyse deur die Verhoorlanddros afgemaak tot 'n faktor wat in die omstandighede van hierdie saak volgens haar nie ten gunste van appellant in aanmerking geneem kan word nie. Ook hierdie benadering van die Verhoorlanddros stel na my mening 'n mistasting daar.

[6] Addisioneel tot voormelde mistastings, moet dit vermeld word dat dit uit die totaliteit van die uitspraak ten opsigte van vonnis blyk dat die Verhoorlanddros veelvuldige subjektiewe opmerkings en selfs bevindings gemaak het waarvoor geen basis in die getuienis bestaan nie en wat in ieder geval

totaal irrelevant is vir doeleindes van die oorweging van ‘n gepaste vonnis.

[7] Buiten dat ek van mening is dat die opgelegde vonnis skokkend swaar en onvanpas is, soos ook deur mnr. Van der Merwe betoog, is ek ook van oordeel dat vanweë die faktore vermeld in die voorafgaande paragraaf, sowel as die mistastings deur die Verhoorlanddros begaan, hierdie Hof onder die omstandighede geregtig is om opnuut te oorweeg wat ‘n gepaste vonnis onder die omstandighede daarstel.

[8] Wat die persoonlike omstandighede van appellant betref, blyk dit dat hy 22 jaar oud was ten tyde van die pleging van die misdryf en dus nog relatief jonk was. Appellant het twee minderjarige kinders, onderskeidelik 13 jaar en 7 jaar oud, en was hy ten tyde van die pleging van die misdryf woonagtig saam met die moeder van een van hierdie kinders. Appellant het skool verlaat gedurende graad 9, welke hy aangedui het genoodsaak was vanweë die feit dat sy ouers dit nie langer kon bekostig om sy skooluitgawes te betaal nie. Ten tyde van sy arrestasie was hy werksaam as ‘n loodgieter-assistent en het hy R500-00 per week verdien.

Dit blyk uit die voorvonnisverslag dat hy hierdie betrekking vir ongeveer vier jaar beklee het en voor dit was hy ses jaar werksaam by ‘n ander werkgewer. Na my mening blyk dit gevolglik dat appellant ‘n stabiele werksrekord gehad het. Appellant ly ook aan `n ongeneeslike siekte waarvoor hy behandeling in die gevangenis ontvang.

[9] Daar is ook verdere versagtende faktore wat ten gunste van appellant in oorweging geneem moet word. Appellant is vir doeleindes van hierdie misdryf `n eerste oortreder. Verdermeer, en soos ek reeds na verwys het, is dit duidelik dat appellant erg onder die invloed van alkohol verkeer het ten tyde van die pleging van die misdryf. Verdermeer het hy van meet af aan skuldig gepleit wat aanduidend is daarvan dat hy verantwoordelikheid neem vir sy wandaad. In sy pleitverduideliking het hy ook aangedui dat hy berou het oor sy optrede, welke aldus aanvaar moet word, aangesien die Staat die pleit op daardie feitebasis aanvaar het. Hierdie berou het appellant in ieder geval weer verwoord toe hy ter strafversagting onder eed getuig het. Wat betref die feit dat appellant vir ses jaar in hegtenis verkeer het as verhoorafwagtende, moet na my mening, ten spyte van die

omringende omstandighede daartoe, beslis ten gunste van appellant in oorweging geneem word by die oorweging van `n gepaste vonnis, soos dan ook betoog was deur beide mnr. Van der Merwe en mnr. Strauss.

[10] Wat die aard en erns van die misdryf betref, is dit onteenseglik 'n baie ernstige misdryf, veral gegewe die jeugdige ouderdom van die klaagster. Sy was weerloos teen appellant onder die omstandighede en dit blyk in besonder ook uit die feit dat die klaagster, toe appellant bo-op haar gelê het gekla het dat appellant se gewig swaar op haar was. Wat ook as strafverswaring in ag geneem moet word, is die feit dat dit uit appellant se getuienis ter strafversagting geblyk het dat die klaagster inderdaad aan hom bekend was, deurdat haar vader die bestuurder was van die sokkerspan waarvoor appellant sokker gespeel het en hy ook met haar moeder bekend was. Hy het dus deeglik kennis gedra dat die klaagster slegs 'n jong meisie is teenoor wie hy in effek, vanweë sy verbintenis met haar ouers en sy bekendheid aan haar, in 'n vertrouensverhouding gestaan het.

Terselfdertyd is hierdie egter nie een van die mees gewelddadige verkragtings soos wat in sommige gevalle in hierdie Hof voorkom nie. Daar is geen getuienis dat die klaagster ernstige fisiese beserings of permanente emosionele letsels opgedoen het nie.

[11] Dit is geyk dat by geweldsmisdrywe soos hierdie die gemeenskapsbelang sterk na vore tree. Hoewel alle faktore van toepassing by vonnisoplegging behoorlik oorweeg moet word, moet die tersaaklike vonnis derhalwe in belang van die gemeenskap ook die nodige elemente van afskrikking en vergelding openbaar.

[12] Wanneer al die voormelde feite en faktore op ‘n ewewigtige wyse in oorweging geneem word, is ek oortuig dat die opgelegde vonnis tersyde gestel moet word deurdat dit skokkend swaar en onvanpas is. Hoewel langtermyn gevangenisstraf beslis ‘n gepaste vonnis in die omstandighede van hierdie saak is, meen ek dat ‘n termyn van 15 jaar gevangenisstraf ‘n gepaste vonnis is. Sien **S v Watson**, ongerapporteerde beslissing van Jordaan, R en Kruger, R, Saaknommer A267/2009, gelewer op 19 April

2010.

[13] Gevolglik word die volgende bevele gemaak:

1. Appellant se opgelegde vonnis word tersyde gestel en vervang met een van 15 jaar gevangenisstraf.

2. Laasgenoemde vonnis moet geag word opgelê te gewees het op 17 November 2009.

**C. VAN ZYL, R**

Ek stem saam:

**J Y CLAASEN, WND R**

Namens die Appellant: Mnr. P.L. van der Merwe
In opdrag van:
Regssentrum
BLOEMFONTEIN

| | |
|---|---|
| Namens dieRespondent: | Adv. M. Strauss<br>In opdrag van:<br>Kantoor van die Direkteur:<br>Openbare Vervolgings<br>BLOEMFONTEIN |